basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

BESIGHEIDSTUDIES V2

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoord op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**20**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**2**	**40**	**70**
	3	**40**	
	4	**40**	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**5**	**40**	**30**
	6	**40**	
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Robert betaal maandelikse bydraes aan 'n versekerings-maatskappy met die waarborg om 'n voorafbepaalde bedrag op 'n datum in die toekoms te ontvang. Hierdie tipe beleggings-geleentheid staan as … bekend.

A bestuurde portefeuljes
B waagkapitaal
C aftree-annuïteite
D skuldbriewe

1.1.2 Hierdie ondernemingsvorm is afhanklik van skenkings en buitelandse befondsing vir hulle besigheidsbedrywighede:

A Maatskappy in staatsbesit
B Vennootskap
C Koöperasie
D Maatskappy sonder winsoogmerk

1.1.3 Willem Herwinners pas … as 'n stap van probleemoplossing toe wanneer hulle die implementering van hulle oplossings deurlopend monitor en assesseer of die probleem opgelos is.

A identifisering van alternatiewe oplossings
B evaluering van die oplossing
C formulering van 'n aksieplan
D die kies van die beste oplossing

1.1.4 Werkgewers is verantwoordelik vir die … in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek.

A verskaffing van persoonlike beskermende klere aan werkers om potensiale gevare te verminder
B aanmeld van onveilige werksomstandighede by die bestuur en die relevante owerhede
C doen van redelike stappe om veiligheid te verseker terwyl hulle hulle werksverpligtinge uitvoer
D inlig van bestuurders oor siektes wat die prestasie van werkers kan beïnvloed

1.1.5 Ná voltooiing van alle take breek die span op en elkeen loop sy eie paadjie gedurende die …-stadium van spanontwikkeling.

A bestorming
B vorming
C ontbinding
D werksverrigting (5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

konflik; verantwoordelikheid; kraam; investering; verbale; charismatiese; nieverbale; griewe; outokratiese; aannemings

1.2.1 Leiers wat die … leierskapstyl toepas, is in staat om suksesvol lojaliteit en harde werk onder ondergeskiktes te inspireer.

1.2.2 Zandi ontvang …-voordele van die werkloosheidsversekerings-fonds (WVF) vir vier opeenvolgende maande ná die geboorte van haar kind.

1.2.3 Die grafieke en besigheidsverslae wat deur Lizwe gebruik word, is voorbeelde van …-aanbiedings.

1.2.4 Befondsing wat deur besighede vir eksterne projekte verskaf word wat daarop gemik is om die lewenstandaard van gemeenskappe te bevorder, vorm deel van korporatiewe maatskaplike …

1.2.5 Die bestuur van Springfield-oord hanteer … wanneer daar meningsverskille tussen twee of meer partye by die werkplek is.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Leierskap	A	word oorkom deur alle bronne van inkomste aan die Suid-Afrikaanse Inkomstedienste te verklaar
1.3.2	Kapitaalwins		
1.3.3	Uitdeelstukke	B	idees word willekeurig hardop deur 'n groot aantal deelnemers voorgestel
1.3.4	Belastingontduiking		
1.3.5	Nominale groeptegniek	C	benader personeellede op 'n instruktiewe wyse
		D	die gehoor word tydens die aanbieding deur die treffende agtergronde op skyfies gelok
		E	word oorkom deur alle bronne van inkomste aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank te verklaar
		F	groei in die waarde van bates in verhouding tot die oorspronklike bedrag wat met verloop van tyd belê is
		G	idees word stilweg deur 'n klein aantal deelnemers genereer
		H	benader personeellede op 'n motiverende wyse
		I	groei in die waarde van belasting in verhouding tot die hoofsom wat met verloop van tyd belê is
		J	die gehoor kan die inligting op 'n later stadium ná die aanbieding lees

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Gee enige VIER voorbeelde van versekerbare risiko's. (4)

2.2 Brei uit oor die betekenis van *opbrengs van belegging (OB)* as 'n faktor wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word. (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NOORDVILLE VERVOER (NV)

Candice, die bestuurder van Noordville Vervoer, het haar werknemers gemotiveer om spertye op kort kennisgewing na te kom. Sy het ervare kollegas genader vir insette oor veilige vervoerroetes. Sy het belonings aan werknemers gebied wat teikens behaal het om prestasie te maksimeer. Candice het ook navorsing gedoen oor die impak van die laissez-faire-leierskapstyl.

2.3.1 Haal TWEE situasies uit die scenario hierbo aan waar Candice die transaksionele leierskapstyl toegepas het. (2)

2.3.2 Bespreek die voordele van die laissez-faire-leierskapstyl. (4)

2.4 Verduidelik die verskil tussen *beperkte aanspreeklikheid* en *onbeperkte aanspreeklikheid.* (4)

2.5 Gee besighede raad oor die voordele van 'n maatskappy in staatsbesit. (4)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SELEPE BEPERK (SB)

Selepe Beperk is op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) genoteer. SB het aandele aan die promotors van die maatskappy uitgereik nadat alle ander aandeelhouers hulle dividende vir die huidige finansiële periode ontvang het.

2.6.1 Noem die tipe aandeel wat deur SB in die scenario hierbo uitgereik is. (2)

2.6.2 Beskryf die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). (6)

2.7 Bespreek enige TWEE beginsels van versekering. (6)

2.8 Beveel maniere aan waarop die aanbieder terugvoering op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse kan hanteer. (4)
[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige DRIE diversiteitskwessies in die werkplek. (3)

3.2 Beskryf kortliks die korrekte prosedure om griewe in die werkplek te hanteer. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

AMANDA UITGEWERS (AU)
Amanda Uitgewers (AU) ervaar probleme met die gehalte van hulle boeke. Hulle het 'n paneel deskundiges versoek om te help om hulle besigheidsprobleem met behulp van vraelyste op te los.

3.3.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat op AU van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.3.2 Verduidelik die impak van die probleemoplossingstegniek wat in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is. (4)

3.4 Beskryf die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)

3.5 Bespreek maniere waarop besighede werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer. (6)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

NURA FOTOGRAFIE (NF)
Clayton, die bedryfsbestuurder by Nura Fotografie, hanteer verskillende menseregtekwessies in die werkplek. Hy moedig oop kommunikasiekanale tussen die bestuur en werkers aan. Clayton maak seker dat die werkers se persoonlike inligting vertroulik gehou word.

Identifiseer TWEE menseregte wat deur Clayton in die werkplek toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.6 te beantwoord.

MENSEREGTE	**MOTIVERINGS**
1.	
2.	

(6)

3.7 Bespreek die belangrikheid van spandinamika-teorieë in die verbetering van spanprestasie. (4)

3.8 Stel maniere voor waarop besighede onbillike advertensies as 'n tipe onetiese sakepraktyk kan hanteer. (4)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige TWEE leierskapsteorieë. (2)

4.2 Beskryf kortliks die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (6)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

JORDAAN OUDITEURE (JO)

Jordaan Ouditeure het 'n eis by Platinum Versekeraars ingedien ná 'n brand skade van R200 000 aan hulle eiendom veroorsaak het. JO se eiendom is vir R350 000 verseker en die markwaarde daarvan is R500 000.

Bereken die bedrag wat JO as vergoeding van Platinum Versekeraars sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.4 Verduidelik hoe verdeling van winste, as 'n kriterium, tot die sukses en/of mislukking van 'n publieke maatskappy kan bydra. (4)

4.5 Gee beleggers raad oor die voordele van effektetrusts as 'n beleggingsvorm. (4)

BESIGHEIDSROLLE

4.6 Noem enige TWEE kriteria vir suksesvolle spanprestasie. (2)

4.7 Verduidelik maniere waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke by die werkplek bevorder. (6)

4.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MOODLEY KONSTRUKSIE (MK)

Moodley Konstruksie neem aktief deel aan korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheids(KMV)-inisiatiewe. Hulle KMV-inisiatiewe affekteer die omgewing, werknemers en die gemeenskap. MK is ook bewus van die impak van KMV op hulle besigheidsbedrywighede.

4.8.1 Noem enige TWEE komponente van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) in die scenario hierbo. (2)

4.8.2 Bespreek die impak van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) op besighede. (6)

4.9 Beveel maniere aan waarop besighede sosiale regte in die werkplek kan bevorder. (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (AANBIEDING EN DATARESPONS)

Verskillende faktore moet voor enige aanbieding deur aanbieders in ag geneem word. Die kennis rakende die impak van visuele hulpmiddele is noodsaaklik vir die aanbied van doeltreffende aanbiedings. Daar word van aanbieders verwag om sekere aspekte in ag te neem wanneer multimedia-aanbiedings ontwerp word. Aanbieders moet ook nadink/reflekteer oor areas van verbetering vir hulle volgende aanbieding.

Skryf 'n opstel oor aanbieding en datarespons waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die faktore wat aanbieders voor die aanbieding moet oorweeg.
- Bespreek die impak van die volgende soorte visuele hulpmiddele:
  - Interaktiewe witborde
  - Plakkate
- Verduidelik die aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word.
- Stel areas van verbetering voor waaroor aanbieders vir hulle volgende aanbieding moet reflekteer. **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (ETIEK EN PROFESSIONALISME)

Daar word van besighede verwag om tussen etiese en professionele gedrag te onderskei. Die korrekte toepassing van deursigtigheid, as 'n King-kode-beginsel, verbeter etiese sakepraktyk. Daar word van besighede verwag om te verstaan hoe onprofessionele sakepraktyke uitdagings aan hulle stel. Hulle moet ook hulle daaglikse bedrywighede op 'n professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe manier uitvoer.

Skryf 'n opstel oor etiek en professionalisme waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen *etiese gedrag* en *professionele gedrag*.
- Verduidelik hoe besighede deursigtigheid as 'n King-kode-beginsel vir goeie korporatiewe bestuur kan toepas om hulle etiese sakepraktyke te verbeter.
- Bespreek hoe die volgende tipes onprofessionele sakepraktyke uitdagings aan besighede stel:
  - Seksuele teistering
  - Ongemagtigde gebruik van werkplekfondse en hulpbronne
- Beveel maniere aan waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyk uitgevoer moet word. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou